# DIE SKIPPER

GEMEENTENUUS - NG DENEYSVILLE

2025 VOL.1

God gee die wind
Span die seile

MAART 2025

## Gaan die Wêreld in:
## Die hart van Sendingwerk



"Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense My dissipels..." – Matteus 28:19

**Sendingwerk is meer as net 'n roeping – dit is 'n uitdrukking van liefde, gehoorsaamheid en deel van God se groter plan om Sy boodskap van hoop en verlossing na almal te bring.**

Selfs hier, in ons eie gemeente, kan ons God se hand sien oor die afgelope paar jaar in die sendingprojekte en -aksies waaraan ons kon deelneem. Van voedselverspreiding in ons eie dorpie tot gebedsondersteuning van sendingwerkers in ander lande, het ons elke keer gesien hoe gehoorsaamheid aan Sy oproep lewens verander.

Februarie was Sending Maand in NG Deneysville en ons is ook opgewonde oor ons volgende sendinginisiatiewe! Ons glo dat deur saam te werk, ons werklik 'n verskil kan maak.
Ons nooi jou uit om deel te wees van hierdie reis. Hoe kan jy help?

- Bid: Jou gebede is van onskatbare waarde. Bid vir die sendingwerk, vir die werkers op die grond, en vir die harte van diegene wat bereik word. Dit is die fondasie van enige sendingwerk ... dit begin op jou knieë.

Mag ons voortgaan om gehoorsaam te wees aan die Groot Opdrag en mag ons sien hoe God lewens transformeer deur ons toewyding. Hierdie maand se Skipper gaan oor Sending. Ek hoop elkeen geniet die stories en getuienisse saam met my.

Dankie dat jy deel is van hierdie reis. Mag ons as 'n gemeente nooit ophou droom oor 'n wêreld waar almal die naam van Jesus ken.



Op 16 Februarie 2025 was ons bevoorreg om besoek te word deur Dr. Willem Semmelink van FEBA Radio. So het ons gemeente se reis in gebedsondersteuning begin.

**FEBA**
SOUTH AFRICA



## WHO WE ARE

**FEBA Radio South Africa** (Far East Broadcasting Association) is a member of FEBC International. We are a global nondenominational Christian media ministry, focusing on spreading the gospel of Jesus Christ to the hardest to reach nations of the world.

**MEDIA EVANGELISM**

We deliver the gospel to the hardest to reach people groups through radio and online broadcasting, social media, smartphone apps, speaker boxes, memory cards and other devices

**UPLIFTING CONTENT**

Half of our ministry is devoted to broadcasting programs that include topics like: finance, health, family, life and relationship

**FOLLOW-UP MINISTRY**

Our teams are fully equipped to provide counselling, and frequently visit listeners to minister to their needs

**LISTENER CLUBS**

Our ministry in Africa is rapidly growing as a result of listeners who have formed groups in order to listen to our gospel programs and conduct group discussions, much like church cell groups

**Broadcasting** the gospel of Jesus Christ in 152 languages, on 260 stations worldwide, with programs produced by local ethnic programmers.

**Celebrating 80 Years of broadcasting excellence!**

**We have offices and ministries in the following countries:**

| | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Australia | Chad | Indonesia | Lithuana | Mongolia | North Korea | Taiwan | USA |
| Bangladesh | China | Iraq | Macua | Mozambique | Pakistan | Tanzania | Vietnam |
| Belarus | Egypt | Japan | Malawi | Myanmar | Philippines | Thailand | Yemen |
| Bhutan | Estonia | Kazakhstan | Malaysia | Nepal | Russia | Tibet | Zambia |
| Cambodia | Ethiopia | Kyrgyzstan | Mali | New Zealand | South Africa | UK | |
| Canada | India | Latvia | Moldova | Niger | South Korea | Ukraine | |

Download the FEBA South Africa App

## PRAY WITH US THROUGH OUR APP.

You can also pray with us daily by downloading our app that is available for Android on Google Play:

GET IT ON Google Play




## Dinsdag-aand gebedsgeleentheid

Kom skakel gerus in by ons gebedsgeleentheid elke Dinsdag-aand om 18h30. Dis hier waar ons hande vat en vir mekaar bid.



# Diensknegte van Jesus Christus: Lourens en Sonja Jooste Inhassoro Mosambiek.

***Jesus plaas mense op jou pad vir `n rede.***

*Gedurende 2020 het ek en Carine ons vakansie beplan deur die Kruger Wildtuin oor Pafuri grenspos op pad na Vilanculos. Ons moes iewers oorslaap, want dit was nog 9 ure se ry deur Mosambique  op 'n grondpad wat soms net meer as `n tweespoor pad was. Ons het vooraf bespreek by `n klein tente kamp Dumela Safaris op die walle van die Limpopo ongeveer 30km in Mosambiek in.*

*Die eienaar Lourens en Sonja Jooste, tentmakers wat vir die Here werk, het hulle daar gaan vestig, `n kerk en `n chreche gebou en boorgat met `n handpomp vir die gemeenskap gegee. Tydens `n gesprek met hierdie twee nederige mense het ons besef ons het nie genoeg diesel vir ons voertuig tot by die volgende afgeleë volmaak plek nie. Nodeloos om te sê, hulp het gekom vanaf die Joostes in die vorm van `n kan diesel, en `n handvol sending boekies in die inheemse taal wat die Jesus evangelie verkondig. Ons het daar en dan besluit om `n maandelikse bydrae te maak aan hierdie twee dienaars van God Drie Enig in hul karige bestaan.*

*Lourens het in 1982 ingeskryf by die AGS Teologiese Kollege om `n pastoor te word en daarna by UNISA sy Bth, Hon Bth, en Mth grade verwerf. Word pastoor in Bray, Frankfort, Waterval Boven, Knysna en Witrivier vanwaar hy betrokke raak in sending uitreike in Rusland en Turkye. Ook raak hy betrokke by sending uitreike in Malawi, Zimbabwe, Zambië en Mosambiek. Hy bedank in 2000 uit die voltydse bediening en raak betrokke in voltydse sendingwerk in Afrika. In 2014 verhuis hulle permanent na Pafuri Mosambiek totdat COVID 19 hulle vir 2 jaar afsny van Suid Afrika, alle lewensmiddele en hulp 'n 1000 km vêr. Hulle kon nie meer kerk hou nie en was genoodsaak om te skuif om aan die lewe te bly. Hulle gee die kampplek aan hul seun en verskuif na Inhassoro in 2021, waar hulle ook `n klein kampterrein vestig.*

*Hulle was sedert 2012 totaal interdenominaal en bedien tans 10 gemeentes van die Assembliea de Deus ( Assemblies of God) . Lourens preek elke Sondag by `n ander gemeente in die Afrika bos en het vanaf 3 Maart begin met `n kerkbou projek in Vulanjane. Hy beplan ook om weeklikse basiese opleiding met leiers te doen. Van ontberings en wonderwerke van God kan Lourens `n boek skryf (Malaria, nierstene, siklone, ens) Bv, met verlede jaar se sikloon word hulle wakker in hul slaaptent onder `n oop dak skuiling en die see golwe loop regdeur hul tent!)*

*Jy besef net hoe die Liefde en opoffering van Jesus vir ons as Sy kinders die werking van die Heilige Gees in mense soos Lourens en Sonja gehoorsaam maak om Sy hande, Sy oë, Sy ore, Sy voete te wees om te help waar hulle kan, en Sy evangelie te verkondig aan die armste van die armes.*

*Verlede jaar het ons die voorreg gehad om vir ander te gaan wys waar Lourens en Sonja woon en te ontmoet. Hulle het ook vir `n naweek by ons almal kom bly in ons huis in Vilanculos. Soveel Goddelike vreugde, lag en blydskap wat hulle deel in hul moeilike omstandighede! Saam nagmaal gehou, gebid en ge-worship!*

*Wat `n belewenis om hierdie ware diensknegte van Jesus te ken, en ons, Sy kinders aan te spoor na `n ware, diepe, lewende verhouding met ons Saligmaker.*

*- Wantie en Carine Burger*

*Liewe Gemeente*

*Ek is Corrie Muller, en is al 12 jaar by die Jeugsorgsentrum in Sasolburg.*
*Ek en ons by die huise beleef daagliks die wonders wat kerke en ander mense in ons lewens doen. God het my verskeie kere gewys dat met Sy hulp ons in staat is om wonders in kinders se lewens te doen.*
*Ons dink byvoorbeeld aan Covid-tyd, sekerlik die slegste tyd wat ons nog ooit beleef het. Julle het ons ondersteun en onderskraag in die tyd. Dankie vir almal se mooi harte wat maak dat ons lewens 'n golf is en word. Dit is soos 'n klein klippie wat jy in die water gooi en dit veroorsaak 'n rimpel effek.*
*Ons wil ook graag uitwys wat jul Glimlag Projek in ons huise doen en gedoen het, waaroor ons uit ons harte dankbaar is*
*Die pakkie koekies wat julle vir elke kind bring, bring soveel vreugde vir die kinders en hulle geniet dit terdeë ... hulle ruil die koekies met mekaar uit, en dryf handel…. 1 van my koekies vir 2 van joune.* 😊
*Daar was 'n keer toe julle vir ons 'n koopbewys gegee het, daardie het op presies die regte tyd gekom. Wat my in staat gestel het om vir die huis 'n braaipan te koop, wat ons nog steeds gebruik.*
*Dankie vir die skooltas projek en al die skool klere wat julle so mildelik geskenk het.*
*Oproepe van belangstelling, wat vra hoe gaan dit by ons.*
*Dankie vir elke gemeente lid vir hulp en bystand. Julle maak dat ons Jeugsorgsentrum se deure oop bly.*
*Dankie dat julle ons saam nooi met julle kerk se piekniek dag. Ons kinders geniet dit BAIE. Die kinders is dankbaar dat hulle dit saam kan geniet.*
*Daar was ook skenkings: geldelik, vleis asook kruideniersware wat julle mildelik geskenk het en ons met dankbaarheid ontvang het.*
*Sondag middag ete na kerk wat ons saam met julle kon geniet het.*
*Gemeente lede wat ons ook bederf met uitstappies.*
*Dankie vir die skoen projek wat julle deel van was.*
*Hier is maar net paar goed wat ons van julle gemeente beleef en ontvang het. Ons is baie dankbaar dat ons die pad kan saam loop.*



*Vriendelike groete,*
*Jeugsorgsentrum se kinders.*




# Donderdae Care Group etes

*Donderdae in Deneysville - 'n dag wanneer al die bedienings hulle konflik tussen dogma en tradisies eenkant sit en die hele gemeenskap dien soos Jesus Christus ons opdrag gegee het. Mat. 25 vers 36 tot 45 word letterlik uitgevoer deur die NG Kerk, St Peter's Kerk, AGS en Street Ministry. Op hierdie dag word gekook, kos gegee en die belangrikste - Jesus se Woord, Sy liefde word versprei. Jesus se 2 gebooie in Nuwe Testament: 1ste "jy moet jou God (3 enig) liefhê en 2de jou naaste soos jy jouself liefhê. Al die eer kom Jesus Christus toe. Ons, die dienaars dien die gemeenskap met 'n liefdevolle, verdraagsame, koesterende, vrygewige hart. Dankie Here vir die voorreg.*





#Jesus
#Liefdeinemmers
'n Projek van NG Deneysville

## Barmhartigheid en sy betekenis

*Omgee en luister vir die wat dit nodig het.  Kos gee vir almal wat honger is.*
*Ons ken nie altyd almal se agtergrond of omstandighede nie, maar ons gee om vir elkeen op die lys van behoetiges en ander in nood. Om elke dankbare gesig te sien elke keer as ons die kospakkies of 'n ete gee is dit waarvoor ons streef, want God het dit op ons pad gesit.*
*Elke dag staan ons dankbaar met almal se goeie en oop harte dat hulle iets gee vir ander - maak nie saak hoe groot of klein, elke liewe item word so waardeer.*
*Ons kan nooit genoeg dankie sê vir die gawe om ander te help nie.*
*Dit beteken so baie vir elkeen om net gegroet te word op hulle naam, en te vra hoe dit gaan?*
*Niemand is beter as ander, elkeen verdien dieselfde respek en omgee.*
*So onthou maak die regte besluite, en glo altyd in God, want hy kyk na sy kinders.*
*Barmhartigheid lê my bitter na aan die hart en ek doen dit met baie passie en liefde.*
*Ons stap almal die pad wat die Here ons op lei, en die is my pad waarop ek gesit is.*
*My roeping in die lewe.*
*- Lynette Vermaak*



**Die verskil wat vriendskap maak.**


# Vriendskap Evangelisasie

Prof Malan Nel het, of vertel, of dit was deel van die boek
Getroue Getuies (Armstrong) wat hy 'n kursus oor aangebied het.
Nietemin, die storie verloop so iets.
In 'n woonbuurt iewers in Amerika was 'n groep manne wat saam Bybelstudie gedoen het. Hulle het gereeld iemand nuuts ingetrek. Wat hulle gedoen het is om vir iemand in hul omgewing, 'n buurman, of hoe ookal, te bid en dandaardie persoon saam te nooi na die Amerikaanse voetbal byeenkomste. Kaartjie is geskenk. Ander kere is dit dalk sagtebal toe. Soos die persoon tuiskom in die groep word hy genooi vir 'n barbeque (hulle weet mos nie 'n mens braai nie).
So met tyd sal hulle dan sê, ou maat, ons het nog iets anders wat ons saam doen en baie geniet. As jy wil, wel, jy is genooi. Donderdag (sê nou maar), gesels ons oor die Bybel. Lekker informeel, is ons saam by die Here. En leer ons saam. Kan ons jou kom oplaai? So ook met die erdienste.
Die punt van prof Malan se les was om mense iets te wys van hoe 'n mens kan saamwees, man wees, vrou wees, wat anders is, vol omgee en tuiskoms is, as wat die normale in 'n gemeenskap is. 'n Beter manier van saamkuier.
Oom Angus Buchan vertel (tydens 'n praatjie by NG Drie Riviere Oos) van hoe hy tot bekering gekom het. Nog die Saterdagaand lekker met die manne gekuier het. Sy vrou het hom opgejaag die Sondagoggend vir erediens. Hom mooi herinner dat hy belowe het om saam met haar te gaan. So is hulle laat en moes toe heelvoor sit. Daardie oggend het oom Angus tot bekering gekom.
Die volgende Saterdag is hy weer op sy plek as skeidsregter by die polo. Ek weet nou nie veel van polo af nie, maar so iewers in die wedstryd begin die mede skeidsregter aan hom karring. Angus, Angus, praat met my. Nie nou nie man, Nie nou nie.
Na die wedstryd, toe vra die man: Jy lyk so gelukkig. Ek wil hê wat jy het. En oom Angus lei hom na die Here.
Die man het die andersheid, die transformasie wat oornag in oom Angus plaasgevind het, raakgesien. En hy het na God gevra.
Daar is ander manier ook. Almal weet mos alles van almal in Deneysville. As daar siekte by die bure is, stap oor met sop. Of bak beskuit of scones en gaan gee dit vir iemand wat alleen is, of sommer net vir 'n gesin. Hulle weet jy is 'n Christen. Iewers sal die Here daardie uitreik van jou in vrug omsit.
Wees jy net die mens deur wie God ander kan aantrek. Wees jy die vriend wat jou vriende regtig nodig het.
Carlie Schiel



***Getuie wees sonder dat jy weet.***

*Op 19 Januarie 2025 om 03:00 die oggend is ek en Marisa op Auckland lughawe vir ons terugvlug na SA. Behalwe vir ‘n probleem met ons kaartjies wat eers na omtrent 04:15 heeltemal opgelos is, moes ons nou deur die selfdoen inboek stelsel gaan. Iets totaals vreemd aan ons. Teen hierdie tyd is daar toue en toue mense en tyd loop uit. Alles elektronies en selfhelp.*
*Ons sukkel met die vreemde tegnologie [en as jou tasse al ander roetes gevat het, sal jy weet, dit is ‘n bekommernis]. ‘n Stem hier reg agter ons, sê in Afrikaans: Laat ek oom en tannie help. ‘n Wildvreemde jongman, wat op daardie oomblik aandiens was om seker te maak die tegniese kant, o.a. die vloei van bagasie, verloop reg.*
*Vir ons twee was hy van die Here af gestuur. Hy het ons vinnig gehelp, en ek het hom ‘n stewige handdruk gegee, hom bedank en gesê: mag die Here jou seën. Ek weet tot nou toe nie of hy gelowig is of nie. Kans vir praat was daar nie. Ek weet nie of hy ooit sal weet wat sy hulp op daardie oomblik vir ons twee beteken het, veral na die gesukkel met ons kaartjies daardie oggend. Hy was aan die rondskarrel met sy werk en ons moes teen die tyd drafstap om betyds deur paspoort beheer te beweeg.*
*In elk geval gaan die storie nie oor hom of oor my en Marisa nie. Dit gaan oor God. Ek vertel die storie om op die volgende te wys:*
*1. God sien Sy kinders raak en Hy help hulle.*
*2. Vir die doel van hierdie Skipper uitgawe, is die belangrike om uit te wys: Wees jy iemand oor wie ander die Here dank. Die Afrikaanse man, wat ons spontaan gehelp het, het ons met ’n diepe dankbaarheid teenoor hom en veral teenoor die Here gelaat. Ons was vol dankbaarheid sovêr ons geskarrel het na paspoort beheer toe.*
*3. In ‘n sin was die jong man se hulp ook evangelisasie. Of die voorberei van die akker waarin die liefde van God gesaai kan word. Nie elke gesprek of daad loop daar en dan uit op iets groters nie. Maar elke woord en daad word wel deur God iewers gebruik.*
*God se gemeente in Deneysville, ons, het nodig dat elke lidmaat ‘n getuie van Jesus sal wees. Of dit net is deurdat jy iemand so help dat hulle God loof en prys, en of jou optrede mense aan die dink [positief] sit oor wat jy gedoen het. Daarom vra ek: Wees jy ook iemand oor wie iemand anders God spontaan wil loof en prys. Wees ons Here se hande orals waar jy kan.*
*- Carlie Schiel.*



One night after our prayer time, my wife told me that the Lord told her to start a soup kitchen. After more prayer and discussions with our Bible Study group, we started the soup kitchen.

We initially started off with ± 10 litres of soup, gradually increasing as the need arose – twice weekly. Ladies of our group and community also became involved as they were led. The soup was decanted into two and five litre containers, kept frozen in a 80 l chest freezer. A primary school approached us and asked if it was possible to give them soup twice weekly? We prayed about it and discussed it with the ladies of the community and got confirmation to go ahead. Thus our required amount rose to 80 l twice weekly plus an additional 80 l chest freezer. Soup was dropped off at our house usually on a Friday.

Getting home from work one Friday afternoon, I found my wife in a panic-state. I was told that one of the freezers has packed up. Both freezers were full and some containers kept at a friend's house. We had just received a large delivery that morning ± 60 litres. We didn't have any other means of keeping the soup frozen. Fortunately it was winter-time.

We prayed about the problem that night and asked God our Father to solve the problem. Visiting my brother-in-law the Sunday afternoon after church for lunch we discussed the predicament with them. They looked at each other and told us that they have 2 x 200 l chest freezers in good condition that they want to get rid of. Enquiring about the price he said R800 each. My wife and I glanced at each other and told him that we will get back to them on Monday by lunch time.

That night we prayed and asked Jesus our Lord for guidance and what we must do ... Do I apply for a loan for a new freezer or do I repair it? The technician, on Friday afternoon, said that the compressor had packed up and we might as well buy a new freezer.

Laying in bed after our prayer time, each with our own thoughts, on the outcome, my phone started ringing. Looking at the phone I saw it was a brother in Christ from a nearby town ± 100 km away. After our normal greetings he told me that in their prayer time the Lord told him and his wife that they have to give us R1 600. He was just phoning to get my banking details.

The chest freezers were delivered on Monday morning. All containers were repacked, no losses occurred and we had ± 120 litres of soup available at any given time.

We could supply the school with soup every day of the week.

**MET DIE HULP VAN DIE HERE LOOP EK ELKE DAG....**

Ek is "rock bottom"... Ek het so seer ek weet nie watter kant toe. Dit was een van daai "spring clean"-dae van my... Half 4 die middag lui my foon.... Sal jy asb vir ons 'n getuienis vir die Skipper skryf?

Hier is my storie...

Een oggend in 2023 word ek wakker met die ongelooflikste pyn in my bene wat ek nog ooit gehad het.
Ek probeer opstaan maar daar is geen reaksie van my ledemate nie, ek kon nie loop. My eerste reaksie was, nou moet ek in die badkamer kom, maar ek kan nie loop nie en ek het die ongelooflikste pyn in my bene.

Met al die gesukkel is my man ook later wakker en hy besef daar is iets ernstig fout. Nou moet ons eers wag dat die Dr. se kamers oopmaak ... daar gekom gee hy my 'n inspuiting teen die pyn en verwys my na 'n spesialis wat ek eers drie dae later kon sien...

Daar gekom sê hy dat hy niks kan doen nie. Ek moet gaan vir 'n CT Scan ... daar is groot moeilikheid.

Op die scan wys daar dat my onderste rugwerwel gebars het en die vog druk uit en veroorsaak dat daar 'n senuwee vasdruk en dit is wat die pyn veroorsaak.

Dr sê ek het 'n keuse van drie dinge... ek moet gaan vir 'n groot rugoperasie, ek moet so stil as moontlik lê vir 4 weke of hy kan die pyn probeer verlig met inspuitings onder narkose wat elke 6 weke gedoen kan word.

Operasie was vir my nie 'n opsie nie. Ek het besluit om die 4 weke plat te lê en dan ook te gaan vir die inspuitings. Na die derde een moes ek ek stop, want my liggaam kan nie die narkose hanteer nie....

Party dae is die pyn ondraaglik dan stop ek en rus 'n bietjie en ander dae is dit beter dan verskuif ek berge...

Met die Krag en Genade van Die Here loop ek nog elke dag saam met Hom...

Dis een van my baie stories....

Groete. ANONIEM



**MOET NOOIT OPHOU SAAI NIE!**

*Gedurende die jare van my lewe het ek met talle insidente te doen gekry. Die meeste dinge gebeur en jy gaan maar weer aan. Daar is egter sommiges wat so 'n impak op jou maak dat jy dit nooit kan vergeet nie.*

*Gedurende my jarelange amp van Ouderling was daar by een van my besoekpunte 'n dierbare Oom en Tannie wat baie getroue lidmate van die kerk was. Elke Sondag klokslag was hulle in die kerk. Ek het egter opgemerk dat hulle nooit nagmaal gebruik nie. Met my volgende besoek het ek hulle gevra hoekom hulle nie nagmaal gebruik nie?*

*Die tannie se antwoord was dat hulle jare gelede in besigheid was met 'n man wat hulle so bedrieg en besteel het dat hulle alles verloor het. Dit was duidelik dat die gevoel van verontregting nog na jare net so akuut was soos jare gelede. My hart het gepyn en ek het op my kniee voor die tannie gaan sit, albei haar hande in myne geneem en met trane in my oë haar gesoebat om ernstig hieroor na te gaan dink. Ek het beklemtoon dat die wraak nie die mens toekom nie en dat die Here sal vergeld, want die wraak kom Hom toe. Sy het nie geweet wat intussen met die man al gebeur het nie en loop vir jare met die sware las van onvergewensgesindheid. Sy moes verstaan dat vrede net gaan kom as hulle dieselfde liefde en vergewensgesindheid openbaar as Jesus s'n aan ons. Die bal was nou nie meer aan my kant nie. So vol verwagting en vertroue is ek toe daar weg.*

*My beker van dankbaarheid het oorgeloop toe die Oom en Tannie die volgende nagmaal geleentheid langs my aan die tafel kom sit het.*

*Ek het net weereens besef ons dien 'n ongelooflike, getroue God en Vader wat nooit laat vaar die werke van sy hande nie en dat as ons aanhou saai Hy sal aanhou natmaak en laat groei.*

*Moet nooit 'n sagte antwoord, 'n vriendelike glimlag en 'n simpatieke drukkie gering ag nie, want wat vir jou na 'n klein gebaartjie lyk kan 'n enorme verskil in iemand anders se lewe maak!*

*Christus groete*
*Martie Terblanche*



My storie deel ek graag met julle. Dalk het jy ook al so gevoel. Party dae in ons lewe voel ons dat Jesus van ons vergeet het, maar dan gebeur daar iets wat ons laat besef ons Vader is groot en Hy weet wie en wat ons nodig het.

Bietjie meer as vier jaar gelede het Gerhard baie siek geword en daar is bevestig dat hy maagkanker het. Dit was reeds baie vêr gevorder. Hy het besluit om nie hospitaal toe te gaan nie. Maar hierdie was nie 'n maklike pad nie. Hy was ook maar bang en het baie vrae gehad. Ek het gewonder hoe gaan ek hom bystaan en help, want ek is self bang vir die hierdie onbekende, moeilike pad wat voorlê. Ek was so bang dat ek dit nie sou kon doen nie. En toe stuur die Here vir ons ons eie Sendeling. Die laaste ses weke van Gerhard se lewe was ons Sendeling elke dag hier by ons. Party dae in die oggend en ander dae eers later. Ons "sendeling" het Gerhard se lewe heeltemal omgedraai na die Vader toe. Niks was ooit vir hom te veel moeite nie. Vir al ons vrae het hy antwoorde uit die Bybel gegee. Vir hom was niks te veel gevra nie. As hy vrae gehad het, het ons "sendeling" vir my gesê wat ek die aand vir hom uit die Bybel moet lees. Sy omgee, liefde en geduld het nooit opgehou nie.

Toe ek op 'n dag vir hom sê ek is bang as Gerhard se tyd aanbreek ... het hy net vir my gesê "Jy sal mos nie alleen wees nie, want ons Vader sal jou hand vashou." Dit was toe ook so, deur sy liefde en bystand was ek nie alleen nie. Gerhard het altyd vir hom gesê: "Jy is 'n ware man van God en ek is so bly om die pad saam met jou na ons hemelse Vader te stap."

Daar is soms onmin en rusies en ons dink dalk niemand gee om nie, maar deur my storie wil ek net vir almal sê God is daar en Hy weet watter Sendeling om op jou pad te stuur. Dit was 'n rowwe nege maande met baie pyn, min slaap en baie trane, maar deur hierdie persoon wat God op ons pad gestuur het, wil ek net vir almal sê ons Vader weet wie om op jou pad te stuur. Ek dank vandag nog God vir ons Sendeling wat ons kom wys het dat ons mekaar nodig het en God daar is vir ons. So... al lyk jou pad moeilik, vertrou ons Vader, Hy sal daar wees en as Hy sien dis nodig sal Hy die regte persoon stuur om die pad saam met jou te stap.

- Marietjie Stone



Marius het een oggend in die kerk met sy getuienis gesê daar was nie mense betrokke by die voorval waarvan hy vertel het nie, maar in my geval het God deur mense gewerk.....

My man en ons Sendeling het groot vriende geword. Hy het my, sonder om te preek of teregwysings, net stadig maar seker na God gelei.....

So gebeur dit dat my man op 17 Junie 2003 in die hospitaal opgeneem word na 'n baie erge grand mal toeval. Direk Intensief toe. Dit was 'n Dinsdagaand. Woensdagoggend stap daar 'n engel uit die gemeente by Intensief in en kom sit by my. Ek ken haar nie, maar sy is gestuur. Sy praat nie 'n woord nie, sit net by my. Vra net so nou en dan of sy vir my iets te drinke kan gaan haal en of ek dalk wil badkamer toe gaan. Sy sal bly. Sy sit die hele dag by my – haar teenwoordigheid straal rustigheid en kalmte uit. Sonder om 'n woord te uiter, straal sy God se liefde, vrede en omgee uit. Donderdag is sy weer daar. Sonder woorde, net met God se liefde....

Sy het vir my, sonder 'n woord, soveel meer beteken as almal wat na sy afsterwe dieselfde dag, sê "so jammer om van jou verlies te hoor". Vandag nog beteken sy, sonder dat sy weet, baie vir my. Sy, en baie ander engele in die gemeente. Mense waarna ek in geloof kan opkyk en wat my sterker maak. Soos ons Sendeling nog steeds asook my buurman....

Dit is maar een geval waar die Here my gedra het. Hy doen dit daagliks. Sonder Hom is ek niks en sou ek beslis ook nie die afgelope vier maande staande kon bly nie. Sy genade is elke dag genoeg – dit is ons wat elke dag se genade as vanselfsprekend aanvaar. Ons beleef dit nie meer in die dinge rondom ons nie, want ons is te gewoond daaraan.

Die afgelope paar weke het iemand gereeld vir my gesê ek moenie dat ander my vreugde steel nie. Sy was reg, met die verskil:


Niemand KAN my vreugde steel nie, want my vreugde lê in my Here God, wat hemel en aarde geskape het, en dit goedgedink het om ook vir my te skape, enig en uniek, wonderbaarlik, na Sy beeld. Moenie vergeet dat JY ook uniek is, en waarde het in God se oë nie. Miskien is jy 'n mens wat dit met ander kan deel, miskien is jy, soos ek, wat dit makliker in stilte kan doen. Hoe ookal sy, WEET waar jou sterkte lê.

---

# OPKOMENDE DATUMS

*April 2025*

**11** – Konsert om 19h00
**13** – Palm Sondag
**14 - 18** – Lydensweek dienste
**20** – Paas Sondag



*Mei 2025*

**11** – Moedersdag
**29** – Hemelvaartdiens om 18:30
**31** – Basaar